

Loof die Here, al wat lewe 203

2

Loof die He - re, al wat le - we, wil Hom dank en hul - de bring -

Hy het al ons skuld ver - ge - we; ons 'n nu - we lied laat sing.

Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom! Loof die Va - der, God en Heer!

2

Loof Hom wat in groot genade
ons deur eeu heen behou;
loof Hom vir sy reddingsdade –
vas kan ons op Hom vertrou.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Hy's genadig en getrou.

4

Mense, soos die veld se blomme,
bloei maar vir 'n korte tyd;
ewig oor ons kleine kommer
waak Gods goedertierenheid:
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom –
ewige geregtigheid.

3

Soos 'n vader sorg vir kinders,
sorg die Heer vir wie Hom vrees.
Hy vergewe hul oortredings
en berei 'n vreugdefees.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Laat ons Hom gehoorsaam wees!

5

Loof die Here, maan en sterre,
waar jul in die wydtes kring.
Loof Hom, engеле en mense,
almal wat sy wil volbring!
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom –
o my siel, bly Hom besing!

PSALM 103